Graad 9 Taak 1: Luisterbegrip

Deur: Hanneke Basson, Hoër Meisieskool Herschel

Instruksies vir onderwysers:

1. Wys vir die klas die foto op die dataprojektor.
2. Skryf die volgende woorde en hul vertalings op die bord:
   held – *hero*
   duiselig – *light headed/dizzy*
   gespartel – *flounder*
   heldedaad – *heroic deed*
   trots – *proud*
3. Verduidelik die woorde en vee dit dan af.
4. Deel die vrae uit. Lees die vrae deur. Leerders mag notas maak.
5. Lees die teks twee maal deur.
6. Leerders voltooi die vrae.

Hond vrou se held

Deur: Kaydene Davids Woensdag, 21 Oktober 2015

1 Rottweilers is gewoonlik vir al die verkeerde redes in die media, maar dié keer is Black, 'n rottweiler van Bloemfontein, om die regte redes in die nuus.

2 Die eenjarige Black is 'n held nadat hy 'n huiswerker wat nie kan swem nie, uit 'n swembad gered het.

3 Maria Zwene (48), die huiswerker, sê Black is haar held. Zwene was besig om te werk toe sy skielik duiselig langs die swembad gevoel het en in die water geval het.

4 Sy sê nadat sy 'n paar minute lank in die water gespartel en om hulp geroep het, het Black haar gehoor en al blaffend na die swembad gehardloop.

5 Hy het in die water gespring en haar van 'n waterdood gered. Sy het aan hom vasgehou terwyl hy kant toe geswem het.

6 Zwene sê daar is geen twyfel nie dat Black haar lewe gered het.

7 "Was dit nie vir Black nie, het ek dalk nie nou meer gelewe nie. Hy is 'n held. My held. Ek dank die Here vir dié slim hond."

8 Black se eienaar, mnr. Jan Swart, sê hy is baie trots op sy hond.

9 Hy sê hy het eers van Black se heldedaad gehoor toe 'n buurman hom daarvan vertel.

10 "Ek het dit eers nie geglo nie, maar toe Maria my daarvan vertel, was ek baie trots."

11 Volgens hom is dit nie die eerste rottweiler wat hy besit wat lief is vir water nie.

12 Mnr. Swart sê vir hom is dit waar dat 'n hond die mens se beste vriend is.

(aangepas vanaf www.netwerk24.com)

Taak 1: Luisterbegrip

Luister goed na die teks en beantwoord dan die volgende vrae:

1. In watter stad woon die hond Black? _____ (1)

2. Hoe oud is Black? _____ (1)

3. Watter tipe hond is Black? _____ (1)

4. Hoe oud is Maria? Skryf die antwoord in woorde neer. _____ (1)

5. Waarom het Maria in die water geval? _____ (1)

6. Omkring die regte antwoord. Nadat Maria in die swembad geval het, het sy
   - A. geduik
   - B. geswem
   - C. verdrink
   - D. gespartel (1)

7. Hoe het Black vir Maria gered? _____ (2)

8. Wat dink Maria sou gebeur het as Black nie daar was nie? _____ (1)

9. Met watter karaktereienskap beskryf Maria vir Black? Skryf net een woord neer. _____ (1)

10. Waar het mnr. Swart vir die eerste keer van die heldedaad gehoor? _____ (1)

11. Wat was sy se eerste reaksie op die heldedaad? _____ (1)

12. Hoe het hy daarna oor sy hond gevoel? _____ (1)

13. Is die volgende stelling waar of onwaar? Mnr. Swart het voorheen dieselfde tipe hond gehad. _____ (1)

14. Stem jy saam dat 'n hond die mens se beste vriend is? Gee 'n rede. _____ (1)

[15]

Memorandum

1. Bloemfontein [1]
2. 1 jaar [1]
3. Rottweiler [1]
4. agt en veertig/agt-en-veertig [1]
5. Sy was duiselig. [1]
6. D gespartel [1]
7. Sy het aan hom **vasgehou** en hy het **kant toe** geswem. [2]
8. Sy sou dood wees. [1]
9. slim [1]
10. sy buurman [1]
11. Hy het dit nie geglo nie. [1]
12. trots [1]
13. Ja [1]
14. Ja. Enige aanvaarbare rede, bv. Hulle is altyd bly om jou te sien. [1]

/15/